# Laerskool Eureka

10 Maart 2023

Geagte Ouers

Met twee goue medaljes, twee silwermedaljes en een bronsmedalje, het Karla Kock, Junemi Terblanche en Hannes Beukes onderskeidelik ons naam hoog gehou by die **Noord-Kaap Atletiekkampioenskappe**. Baie geluk aan julle. Ons wens Karla Kock sterkte toe wanneer sy vanaf 17 tot 19 Maart 2023 aan die **SA Atletiekkampioenskappe** in Pietermaritzburg gaan deelneem.

Die afgelope naweek het ons rugby- en netbalspanne verskeie welslae gehad tydens Laerskool Seodin se sportdag. Dank aan elke ouer wat die lang pad saam trotseer het vir ondersteuning en hulp. Ons waardeer dit baie. Sterkte ook aan die spanne wat vandag en môre aan **Laerskool Staats se sportdag** deelneem.

Op die kultuurgebied wil ons u as ouers net herinner aan die **Curro-kultuurfeesbrief** wat op die onderskeie WhatsApp-groepe geplaas is. Hierdie kultuurfees is 'n geleentheid vir die leerders om voor te berei vir die Kunsfees en Radikale redenaarskompetisie later in die jaar.

Ons eerste kuiergeleentheid vind plaas op Woensdag, 29 Maart wanneer ons op die rugbyveld gaan uitspan en terugdink aan die **"In-ry-fliek-aande"**. Kom ontspan met 'n piekniekmandjie en kombers saam met die gesin. Die kostes is R25 per persoon, maar vir voorskool, gr. RR en gr. R is toegang gratis. Die hekke open om 18:00. Kaartjies kan ook vooraf gekoop

word deur 'n EFT-betaling te maak met die korrekte verwysing, bv. E Venter 5H Fliek. Vir 'n bestelling van verversings, vul asb. die volgende skakel in.

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSf69eHb17HjVa3JcWfD6QkRlBemku3ERI5eDU97dZR7Ne_ukA/viewform?vc=0&c=0&w=1&flr=0

Baie dankie aan elke ouer wat teenwoordig was om te kom luister na **Gretha Wiid**. Ons kan saamstem dat dit baie insiggewend was en ons as ouers verseker laat nadink het. Dankie ook aan Gretha wat met ons leerders en personeel ook gesels het oor die temas wat daagliks opduik in die onderwys. Kom ons as gemeenskap vat hande en bemagtig ons leerders vir die toekoms.

Baie geluk aan **Juf. Elri** wat die afgelope naweek in die huwelik getree het met Jeandré Barnard. Ons bid vir julle 'n geseënde toekoms toe.

Ons gr. 4- tot 6-leerders skryf volgende week hul laaste **kwartaaltoetse**. Sterkte ook aan elke leerder.

- Dinsdag, 14 Maart: gr. 4 – Wisk., gr. 5 – Gesk., gr. 6 – Wisk.
- Vrydag, 17 Maart: gr. 4 – Geo., gr.5 – Geo.

Die **gr. RR-en R-leerders** gaan ook op die middag van 15 Maart 2023, hul atletiek en boeresporttalente kom beproef, wanneer hulle gaan deelneem aan ons jaarlikse **Atletiek- en boeresportdag**. Sterkte aan elke leerder.

Ons herinner u ook aan die **langnaweek** eerskomende Maandag, 20 en Dinsdag, 21 Maart 2023. Vrydag, 17 Maart 2023 is 'n gewone skooldag en die leerders **kom op die gewone tye uit**.

Net weer ter herinnering. Die **klerewinkel** is Maandae, Woensdae en Vrydae oop vanaf 7:15 tot 14:00. Ons versoek asb. dat u buite om die gebou stap en die deur oorkant die tennis- en netbalbane sal gebruik.

'n Brokkie van Laerskool Eureka se geskiedenis volg.

Eureka-groete

EVenter

Dr. Etienné Venter
SKOOLHOOF

Inligtingsbrief 8/2023

**1 9 7 1**

Die meubels vir die nuwe skool, soos bv. skoolbanke het begin aankom, maar tafels en stoele was hier nie. Ons moes 'n tafel en 40 stoele by Newton Primêre skool leen. Die tafel was vir die sekretaresse. "Bargains" het gordyne vir die personeelkamer gemaak met die gevolg dat ons op 19 Januarie, toe die skool begin het, reeds R129,00 skuld gehad het. Die hoof se vrou het 'n paar koppies ens. geskenk sodat die personeel darem kon tee drink. Verskeie ander goedgesinde mense het items geskenk sodat ons darem aan die gang kon kom.

Uiteindelik was dit **19 Januarie 1971**. Die personeel begelei die **186** leerlinge na die saal. So 'n leë saal sonder stoele en gordyne lyk nie goed nie.

Ons het darem 'n mooi nuwe kateder gehad waar die sprekers daardie oggend op die verhoog kon staan. Die kateder is deur mnr. Pienaar vervaardig nadat hy die aanstelling gekry het en dit toe aan die skool geskenk. Die voorsitter van die skoolraad, ds. Fullard en die sekretaris, mnr. Krynauw was teenwoordig. Mnr. A.P. du Toit, die omgangsinspekteur, het namens die Onderwys Departement gepraat. Ds. van Eeden van die nuwe gemeente Vooruitsig het met skriflesing en gebed geopen. Die skoolhoof het ook 'n beurt gekry en sommer daardie oggend laat val dat die skool se naam behoort **E U R E K A** te wees. Dit het so baie byval gevind dat die ouers later met 'n oorweldigende meerderheid die naam goedgekeur het.

Nadat ons gaste die saal verlaat het, was ons alleen.

Die skoolhoof was voltyds by die st. 3-klas betrokke. Kantoorwerk moes maar snags gedoen word. Met net twee manlike personeellede was die buitemuurse bedrywighede veeleisend.

Die oggend net toe ons na die saal oppad was, hou die destydse SPOORWEë se afleweringsvragmotor met die eerste voorrade voor die hoofingang stil. "It never rains but it pours" dit is hoe dit aan die begin met ons gegaan het.

Met die opening van die NUWE SKOOL het ons heelwat telegramme, briewe en kaartjies met goeie wense ontvang. Hiervoor moes nog dankie gesê word. Die nuwe sekretaresse moes haar storie ook ken.